1 Maart 2024

STEM TYDENS ONS BEHEERLIGGAAMVERKIESING.

DIT RAAK JOU KIND SE TOEKOMS.

HOE WERK DIE AANLYNVERKIESING?

- Ouers vanaf graad R tot graad 7 sal 'n sms/e-pos ontvang, op 5 Maart 2024 vanaf *Voting crowd,* met 'n skakel om te kan stem.
- Die stemproses kan plaasvind vanaf 07:00 tot 17:00

Voorbeeld van die skakel wat u sal ontvang per sms vanaf Votingcrowd.



ONS STEL GRAAG DIE GENOMINEERDE OUERVERTEENWOORDIGERS AAN U VOOR:

1. Chantel Smit

   Huidige beroep: Sekretaresse

   Werksaam by Sasol vir 12 jaar. Algemene sekretariële take

2. Ryno Jonker

   Huidige beroep: Meganiese bestuurder by Sasol

   Daaglikse take behels bestuur van mense, begrotings en projekte. Goed met oplossings van onverwagte situasies, en die bestuur daarvan. Tydsbestuur is ‘n belangrike vaardigheid wat deel vorm van suksesvolle leierskap. Integriteit in alle situasies is vir my belangrik. My ambisie in die lewe is om my beste te gee en ‘n verskil te maak waar ek kan.

3. Lynnette van Dyk

   Huidige beroep: Ingenieur by Sasol

   Ek strewe om tyd effektief te benut. Het ‘n breë blootstelling aan finansiële konsepte en strategieë. Ek het ‘n positiewe uitkyk op die lewe.

4. Niki Schneider

   Huidige beroep: Finansiële bestuurder by Sasol.

   Tans lid van die finansiële sub-komitee van die huidige beheerliggaam. Beskik oor waardevolle kennis en ondervinding wat ek voortaan in die opkomende termyn sal kan gebruik. Ek is vol vertroue dat ek kan waarde toevoeg tot die toekomsige bestuur en uitbreiding van ons skool.

5. Willie Koekemoer

Huidige beroep: Mediese dokter

Vir die afgelope 21 jaar ‘n mediese dokter wat my eie praktyk vir die laaste 16 jaar bestuur. Ek was voorsitter van die onafhanklike Dokters Vereniging vir die teksarea vir 5 jaar asook deel van die Sasolmed se kliniese-koördinasie-komitee vir 7 jaar. Het ‘n passie vir kinders en hulle ontwikkeling, en sal weer wil teruggee aan die skool deur te dien waar hulle my benodig.

6. Deon van Zyl

Huidige beroep: Chemiese Ingenieur

Tans ‘n chemiese ingenieur met 13 jaar bestuurservaring. Het ‘n passie om deur middel van aktiewe betrokkenheid ‘n wesenlike verskil te maak. Het die vermoë om beide prakties, korttermyn en strategies, langtermyn te kan dink, prioritiseer en besluite te neem. Ek waardeer en motiveer spanwerk om gemeenskaplike doelwitte na te jaag en glo vas as leier, leer ek deur deel te wees eerder as om toe te kyk. Kom ons wees die verskil wat ons kinders verdien.

7. Henk van der Walt

Huidige beroep: Siviele Ingenieur

Beskik oor ± 18 se jaar ondervinding as bestuurder in verskillende kapasiteite en rolle. Betrokke by verskeie aksies as voorsitter, organiseerder en ondersteuner by die gemeenskap, skool en gemeente. Ek sien die rol van die beheerliggaam as een van diensbaarheid, deur bereidwilligheid en toewyding. Dis hier waar die kinders, onderwysers en ouers saam ‘n eenheid vorm om Laerskool Secunda se kinders vir die lewe voor te berei.

8. Daan Coetzer

Huidige beroep: Hoof projekbestuurder (Megchem)

Bestuur van finansies, personeel en ook uitvoeringsbestuur. Ek was jare terug in die onderwys daarom is ek nog steeds aktief betrokke by sport en het ‘n passie daarvoor. Ek is reeds betrokke by ‘n aantal projekte by Laerskool Secunda. Ek het ‘n groot liefde en passie vir skole en wil graag teruggee aan die skool.

9. Mariëtte Stopforth

Huidige beroep: Dominee by NG Rondekerk

Voorheen lid van ‘n skool beheerliggaam (voorsitter). Het die volgende ondervinding:

a. Beheerliggaam-ervaring: voorsitter
b. Beheerliggaam-ervaring: finansieel
c. Kennis van finansiële bestuur in openbare skole & skoolbegroting.
d. Kennis van die SA Skolewet & insig rakende BELA-wetsontwerp.
e. Organisering van kultuuraktiwiteite.
f. Hersien en opstel van skoolbeleide.
g. Samewerking met die Departement van onderwys, personeel en ouers.
h. Wetgewing en toepassing van subsidiëring van skoolfondse.
i. Dissiplinêre aksie en onderhoude.
J. Onderskraging van hoof, bestuur & personeel i.t.v. welstand - persoonlik en werksverwant.
k. Motivering, geestelike begeleiding, emosionele versorging en lewensafrigting aan kinders, ouers en personeel.

10. Jaco Willemse

Huidige beroep: Hoof-bedryfsbeampte (PDPS)

Ek beskik oor goeie tegniese en organisatoriese vaardighede met ‘n diep behoefte om diensbaar te wees in die gemeenskap en om sodoende ‘n beter toekoms vir my kinders te kan skep.

11. Gert Hattingh

Huidige beroep: Besigheidseienaar

Tans dien ek ‘n tweede termyn op Laerskool Secunda se beheerliggaam waar ek ‘n leidende rol in fondsinsamelingsaktiwiteite vervul het. Met 16 jaar se ervaring as besigheidseienaar, bring ek praktiese kundigheid en tegniese vaardighede, om doeltreffend by te dra tot verskeie skoolinisiatiewe.

12. Johan Veldman

Huidige beroep: Siviele Ingenieur (KBK Ingenieurs)

Tans is ek in ‘n raadgewende hoedanigheid met 15 jaar ervaring. Deur ervaring het ek geleer dat samewerking, goeie en deurdenkte planne beraam kan word en daarom skroom ek nie om uit te reik na ander vir hulp en raad nie. Ek beskik oor goeie finansiële en projekbestuur eienskappe. Laerskool Secunda is na aan my hart en ek glo deur samewerking aan ‘n gemeenskaplike doel sal ons die skool na nuwe hoogtes kan neem.

13. Nadia Prinsloo

Huidige beroep: Pilates instruktrise

My ontledingsvermoë van probleme, sal ‘n positiewe, volhoubare, verbetering bring op sport, kultuur en akademiese veld. Ek glo elke ouer wil die beste vir hul kinders hê.

14. Francois Smith

Huidige beroep: Onderwyser

My kwalifikasie gee aan my die nodige agtergrond van skolewetgewing en -administrasie. Ek beskik ook oor ‘n B.Eng elektriese kwalifikasie.

Op 5 Maart 2024 vanaf 07:00 tot 17:00 sal u die geleentheid hê om vir 6 ouerverteenwoordigers te kan stem.

AANKONDIGING VAN DIE NUWE BEHEERLIGGAAM:

Die nuwe beheerliggaam vir die volgende drie jaar termyn sal, nadat die proses as vry en regverdig verklaar is, aangekondig word op Dinsdag **5 Maart 2024 om 17:00** in Laerskool Secunda se personeelkamer. Alle genomineerde lede moet dit asseblief bywoon.

VERKIESING VAN AMPSDRAERS EN OORHANDIGING:

1ste vergadering: **5 Maart 2024 om 17:30**

By die eerste vergadering oorhandig die uittredende beheerliggaam alle nodige dokumente aan die nuwe beheerliggaam en kies die nuwe lede die volgende ampsdraers:

- ‘n voorsitter
- ‘n ondervoorsitter
- ‘n tesourier
- ‘n sekretaris
- enige ander ampsdraer van die beheerliggaam wat die beheerliggaam nodig mag vind om aan te wys.

Ons vra ons ouers om asseblief op 5 Maart 2024 te stem!

ATLETIEK

Ons deel graag die volgende opwindende nuus rakende die atletiek. Na afloop van die afgelope week se Gert Sibande distrikte byeenkoms, gehou op 23 Februarie 2024, het die volgende leerders deurgedring na die MUSSA-byeekoms.

1. Ennike du Plessis
2. Brand du Plessis
3. Linke Schneider
4. Ame Schneider
5. Miane Schneider
6. Ethan Williams
7. Lia Krugell
8. Mione Joubert
9. Kara Janse van Rensburg
10. Miane Venter
11. Zine van den Heever
12. Edrich Nell
13. Olivia Adendorff
14. Jason Kitchenbrand
15. Janco Scheepers

Ons is ongelooflik trots op elkeen wat sy/haar beste gelewer het en hierdie uitsonderlike prestasies behaal het. Ons beste wense vergesel hul na MUSSA’s!

“If your mind can conceive it, and your heart believe it, you will achieve it.”

Redenaars

Op 29 Februarie was dit die interne redenaarskompetisie en die volgende leerders verteenwoordig die skool tydens die Hoëveldgroep (14 Maart) en ATKV (8 – 10 April).

Hartlike geluk!

Gr. 1 – 3
1ste Iva Stopforth (gr. 3)
2de Edward Shaw (gr. 3)
3de Mia Swart (gr. 2)
4de Ninke Bezuidenhout (gr. 2)

Gr. 4 – 5
1ste Ziné van den Heever (gr. 4)
2de Kara Janse van Rensburg (gr. 5)
3de Markus van den Berg (gr. 4)
4de Anna-Lynne van Heerden (gr. 5)

Gr. 6 - 7
1ste Alandri Bezuidenhout (gr. 6)
2de Louan Hattingh (gr. 7)
3de Mia Drotsky (gr. 7)
4de Kaysey Harrison (gr. 6)

Swemliga uitslae

Ons swemmers het, Dinsdag 27 Februarie 2024, aan die eerste swemliga vir die jaar deelgeneem.

Ons swemmers het skoonskip gemaak, en staan tans eerste in die A-liga. Baie geluk!

Baie sterkte aan al ons swemmers wat hierdie naweek gaan deelneem.

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF